

Die Droom van Nebukadnésar!



Dan 2:33 sy bene van yster, sy voete gedeeltelik van yster en gedeeltelik van klei. **(Hebreeus vir klei = Demos = Demokrasie)**

Dan 2:34 U het gekyk totdat daar sonder toedoen van mensehande 'n klip **(Jesus se "klip koninkryk")** losraak wat die beeld getref het aan sy voete van yster en van klei en dit fyngestamp het.

Die Beeld wat Nebukadnésar in sy droom gesien het. (600 vC)

Ons het hier 'n geval in die Heilige Skrif, waar die Here 'n openbaring gee van hoë waarde vir sy kerk, maar ons ontvang dit deur 'n heiden se vors, nl. Nebukadnésar, die koning van Babel.

2 Pet 1:20 - 21 " Dit moet julle weet dat geen profesie van die Skrif n saak van eie uitlegging is nie, want geen profesie is ooit deur die wil van n mens voortgebring nie, maar, deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek."

Dan 12:4 En jy, Daniël, hou die woorde geheim en verseël die boek tot die tyd van die einde toe; "Duskant die Wederkoms van Jesus" baie sal dit deursoek, en die kennis sal vermeerder. (Eskatologiese kennis = Die toekomsleer van die laaste dae of dinge. Een van die belangrikste leerstellings in die Bybel.)

Vers 10: (b) ; en geeneen van die goddelose mense sal verstaan nie, maar die verstandiges sal verstaan. Daar is baie mense met groot wêreldwysheid, maar min skrifkennis wat vandag die Bybel verwerp en sê: "Ek verstaan dit tog nie" en laat dit daar.

Ons behoort dus ook die bedoeling van God se Profetiese Woord na te speur, soos diegene in Beréa (**Hand 17:11**) en elke dag die skrifte ondersoek of hierdie dinge so was.

Nebukadnésar, vors van 'n groot en magtige ryk, het blykbaar ernstig begin nadink oor die toekoms van sy ryk. Hy was begaan oor "wat hierna sal gebeur." Met die jongman, Daniël, aan sy hof wat "verstand gehad het van allerhande gesigte en drome" maak die Here nou in die nag, in droomgesig, aan Nebukadnésar die toekoms bekend. In 'n vorm wat hom verskrik en vir hom onverstaanbaar is, en wat veel verder strek as wat hy seker ooit sou kon dink.

Dan 2:1 En in die tweede jaar van die regering van Nebukadnésar, **het Nebukadnésar 'n droom gehad**, sodat sy **gees onrustig** geword het en dit met sy **slaap gedaan** was.

Dan 2:2 Toe het die koning bevel gegee om die geleerdes en die besweerders en die towenaars en die Chaldeërs te roep, om vir die koning sy droom uit te lê. Toe hulle kom en voor die koning gaan staan,

Dan 2:3 sê die koning vir hulle: **Ek het 'n droom gehad, en my**

gees is onrustig om die droom te verstaan.

Dan 2:4 Toe het die Chaldeërs met die koning gespreek Aramees: Mag die koning vir altyd lewe! Vertel u dienaars die droom, en ons sal die uitlegging te kenne gee.

Dan 2:5 Die koning het geantwoord en aan die Chaldeërs gesê: Die saak staan by my vas: as julle die droom en sy uitlegging nie aan my bekend maak nie, sal julle in stukke gekap en van julle huise mishope gemaak word.

Dan 2:6 Maar as julle die droom en sy uitlegging te kenne gee, sal julle geskenke en gawes en groot eer van my ontvang; gee my daarom die droom en sy uitlegging te kenne.

Dan 2:7 Hulle het vir die tweede maal geantwoord en gesê: Laat die koning die droom aan sy dienaars vertel; dan sal ons die uitlegging te kenne gee.

Dan 2:8 Die koning het geantwoord en gesê: Ek weet verseker dat julle tyd wil win, omdat julle sien dat die saak by my vasstaan;

Dan 2:9 want as julle my die droom nie bekend maak nie, is julle vonnis een en dieselfde; julle het naamlik afgespreek om 'n leuenagtige en bedrieglike woord voor my te spreek totdat die tyd weer verander; daarom, vertel my die droom, dan sal ek weet of julle my sy uitlegging kan te kenne gee.

Of hy die droom werklik vergeet het, is nie duidelik nie, maar hy laat die geleerdes, die besweerders, die towenaars en die Galdeërs kom om hom te vertel wat hy gedroom het en wat die betekenis van die droom is. Hulle staan magteloos en vind die bevel van die koning onredelik. Dis moontlik dat die koning hulle slegs getoets het, en nie werklik die droom vergeet het nie, maar geredeneer het, dat as hulle nie die droom kon vertel nie, hoeveel minder sal hulle dan betroubare kennis kan meedeel oor die toekoms.

Dan 2:10 Die Chaldeërs het voor die koning geantwoord en gesê: Daar is geen mens op die aardbodem wat die koning se saak sou kan te kenne gee nie; daarom het dan ook geen koning, groot of magtig, ooit so iets van enige geleerde of besweerder of Chaldeër verlang nie.

Dan 2:11 Ja, die saak wat die koning verlang, is swaar, en daar is niemand anders wat dit voor die koning sou kan te kenne gee nie, **behalwe die gode wie se woning nie by die vlees is nie.**

Dan 2:12 Hieroor het die koning toornig en baie kwaad geword en

bevel gegee om al die wyse manne van Babel om te bring.

Hy is nou woedend vir sy geleerdes. Hy dreig om hulle in stukke te laat kap en hulle huise tot mishope te laat maak. Hulle wysheid en pleidooie help niks. Nebukadnésar was 'n tiran en wreed-aard. Maar so min as wat die aardse geleerdheid van sy wyse manne ons nader kon bring aan die geopenbaarde waarheid, net so min kon die mag en woede van die koning hom of enig iemand anders in die waarheid lei. Dis alleen deur Daniël en sy drie vriende wat ernstig die aangesig van God gesoek het in hierdie saak, dat Nebukadnésar, en ons vandag, die waarheid van daardie droom gehoor het.

Dan 2:16 Daarop het **Daniël** ingegaan en die koning versoek dat hy hom tyd moes gee om die uitlegging aan die koning te kenne te gee.

Dan 2:17 Toe gaan Daniël na sy huis en maak aan Hanánja, Mísael en Asárja, sy metgeselle, die saak bekend,

Dan 2:18 en dat hulle **barmhartigheid van die God van die hemel moes afsmeek oor hierdie geheim, sodat hulle Daniël en sy metgeselle saam met die orige wyse manne van Babel nie sou ombring nie.**

Dan 2:19 Daarop is in 'n naggesig die **geheim** aan **Daniël geopenbaar**. Toe het Daniël die God van die hemel geloof.

In antwoord op die gebed van Daniël en sy drie vriende, het die Here die hele saak aan hom te kenne gegee.

Dan 2:21 Hy tog **verander die tye en die geleenthede**; Hy **sit konings af en stel konings aan**; Hy **verleen wysheid aan die wyse manne en kennis aan die wat insig het**;

Dan 2:22 Hy **openbaar ondeurgrondelike en verborge dinge**; Hy **weet wat in die duister is, en die lig woon by Hom**.

Dan 2:25 Toe het Ariog Daniël haastig voor die koning ingebring en só vir hom gesê: **Ek het 'n man onder die ballinge van Juda gevind wat die koning die uitlegging bekend sal maak.**

Dan 2:27 Daniël het in teenwoordigheid van die koning geant-

woord en gesê: Die geheim waarna die koning vra, kan die wyse manne, die besweerders, die geleerdes, die waarsêers nie aan die koning te kenne gee nie.

Dan 2:28 Maar daar is 'n God in die hemel wat geheime openbaar, en Hy het koning Nebukadnésar bekend gemaak wat aan die einde van die dae sal gebeur. U droom en die gesigte van u hoof op u bed was dit:

Dan 2:29 Wat u betref, o koning, u gedagtes op u bed het opgestyg oor wat hierna sal gebeur, en die **Openbaarder van die geheime het u bekend gemaak wat sal gebeur.**

Dan 2:30 En wat my betref, hierdie geheim is my geopenbaar, nie deur 'n wysheid wat in my sou wees meer as in al die lewendes nie, maar met die bedoeling dat die uitlegging aan die koning bekend gemaak sal word en u die gedagtes van u hart kan ken.

Die droom !

Dan 2:31 U, o koning, het 'n gesig gehad—kyk, daar was 'n groot beeld; hierdie beeld was hoog, en sy glans was buitengewoon; dit het voor u gestaan en sy voorkoms was vreeslik.

Dan 2:32 Wat die beeld betref, sy hoof was van goeie goud, sy bors en sy arms van silwer, sy buik en sy lendene van koper,

Dan 2:33 sy bene van yster, sy voete gedeeltelik van yster en gedeeltelik van klei.

Dan 2:34 U het gekyk totdat daar sonder toedoen van mensehande 'n klip losraak wat die beeld getref het aan sy voete van yster en van klei en dit fyngestamp het.

Dan 2:35 Toe is tegelykertyd die yster, die klei, die koper, die silwer en die goud fyngestamp, en dit het soos kaf geword van die dorsvloere in die somer, wat die wind wegneem, sodat daar geen spoor van gevind is nie; maar die klip wat die beeld getref het, het 'n groot rots geword wat die hele aarde gevul het.

Dan 2:36 Dit is die droom; sy uitlegging sal ons nou voor die koning sê:

Die metaal-beeld wat bo van **goud** is, daal in **waarde en gewig** na onder toe. Dis 'n swaar liggaam wat rus op brose voete van onvermengde yster en klei. **Die evolusioniste sê die mens het by**

die aap begin en met 'n mens geëindig --- God sê die mens het begin met goud en eindig by klei.

Dan kom 'n klip (Jesus) wat sonder die toedoen van mense hande losraak en die beeld aan sy voete tref, en fynstamp en dit het soos kaf geword van die dorsvloere.

Die uitleg !

Dan 2:37 U, o koning, koning van die konings, **aan wie die God van die hemel die koningskap, die krag en die sterkte en die eer** verleen het,

Dan 2:38 en **in wie se hand Hy in die hele bewoonde wêreld** die mensekinders, die diere van die veld en die voëls van die hemel gegee het, **sodat Hy u as heerser oor hulle almal aangestel het—ú is die hoof van goud.**

Dan 2:39 En ná u sal daar **'n ander koninkryk** opstaan, **geringer as dié van u;** daarna **'n ander, 'n derde koninkryk, van koper, wat oor die hele aarde sal heers;**

Dan 2:40 en die **vierde koninkryk sal hard wees soos yster,** juis **omdat yster alles fynstamp en verpletter;** en soos **die yster wat vergruis,** sal hy dit alles **fynstamp** en vergruis.

Dan 2:41 En dat die **voete en die tone,** soos u gesien het, **deels van pottbakkersklei en deels van yster** was—dit sal **'n verdeelde koninkryk wees,** en van die hardheid van die yster sal daarin wees, omdat u die yster met kleigrond gemeng gesien het.

Dan 2:42 En dat die **tone van die voete** deels van **yster en deels van klei** is—'n gedeelte van die koninkryk sal hard en 'n gedeelte sal bros wees.

Dan 2:43 Dat u **die yster gemeng met kleigrond** gesien het—hulle sal **deur menslike gemeenskap onder mekaar vermeng raak,** maar **hulle sal nie aanmekaar vasklewe nie, net soos yster nie met klei meng nie.**

Dan 2:44 Maar in die dae van **dié konings** sal **die God van die hemel 'n koninkryk verwek wat in ewigheid nie vernietig sal word nie,** en die heerskappy daarvan sal aan geen ander volk oorgelaat word nie; dit sal al daardie koninkryke verbrysel en daar 'n einde aan maak, **maar self sal dit vir ewig bestaan—**

Dan 2:45 net soos u gesien het dat **sonder toedoen van mense hande 'n klip (Jesus)** van die berg af losgeraak het wat die **yster,**

die **koper**, die **klei**, die **silwer** en die **goud** verbrysel het. Die grote God het aan die koning bekend gemaak wat hierna sal gebeur; en die droom is waar en sy uitlegging betroubaar.

Die beeld stel die **wêreldmag voor in verskillende stadiums.**

[Koninkryke wat oor die hele aarde sal heers - sien vers 39]

- (1) Die **kop van goud**: Nebukadnésar met sy **Babiloniese ryk**. (606 v.C - 538 v.C)
- (2) Die **bors en arms van silwer**: 'n "Geringer koninkryk" - volgens **Dan 5:28** is dit die **Persiese ryk**. (538 v.C - 331 v.C) [Vandag; Die moderne IRAN.] [Dan 5:28 perés—u koninkryk is verdeel en aan die Meders en Perse gegee.]
- (3) Die **buik en heupe van koper** - Uit **Dan 8:21&22** asook **Dan 11:2-4** is dit duidelik dat die derde ryk, wat volg op die Persiese, die **Griekse ryk van Alexander die Grote is**. (331 v.C - 161 v.C)

[Dan 8:21 En die harige bok is die koning van Griekeland; en die groot horing wat tussen sy oë was, **dit is die eerste koning. Dan 8:22** En dat dit gebreek is en vier in sy plek ontstaan het—**vier koninkryke sal uit sy volk ontstaan, maar nie met sy krag nie.]**

Dan 11:2 En nou sal ek jou die waarheid te kenne gee. Kyk, nog drie konings sal opstaan vir die Perse, en die vierde sal groter rykdom verwerf as almal; en as hy sterk is deur sy rykdom, sal hy alles in beweging bring teen die koninkryk van Griekeland.

Dan 11:3 **Dan sal 'n dapper koning opstaan wat groot heerskappy sal hê en sal maak net soos hy wil.**

Dan 11:4 En as hy opgetree het, sal sy koninkryk verbreek word en na die vier windstreke van die hemel verdeel word; en dit sal nie aan sy nakomelinge behoort en nie wees soos die heerskappy wat hy gehad het nie—**want sy koninkryk sal verwoes word en nie aan hulle behoort nie, maar aan ander.]**

Dit is opmerklik dat die **tweede en derde ryke hier slegs genoem word**, sonder dat die profesie veel oor hulle meedeel. Dit is **omdat die verklaring hom toespits op die vierde wêreldryk, nl die Romeinse waarvoor mededelings gedoen word in vers 40-43**

In die vierde koningryk vind ons die **toppunt van menslike heerskappy**, soos voorgestel deur daardie **beeld van 'n mens**.

Al hierdie ryke het vyandig opgetree teen die God se volk.
Die **Babiloniese ryk** het **Jerusalem** en die tempel verwoes, en **God se volk weggevoer**.

In **Ester 3** lees ons hoedat Haman, gedurende die **Persiese ryk**, 'n aanslag gemaak het om **die hele Joodse volk in een dag uit te moor**.

Gedurende die **Griekse ryk**, het Antiochus Epifanus probeer om die **Joodse godsdienst met wortel en tak uit te roei**. Hy het die **besnydenis**, die **onderhoud van die Sabbat**, en die **lees van die Tora verbied**. Hy het die beeld van **Jupiter in die tempel opgerig**, en geëis dat die **Jode dit aanbid**, nadat hy die **altaar ontheilig** het, deur 'n vark op die **brandofferaltaar te offer**, en uit die **stam van Benjamin 'n hoë priester** aan te stel. [Soos die **Antichris** ook **in die laaste dae gaan doen**.]

Maar dit sou die **Romeine** wees wat wou **fynstamp, verpletter**, en **vergruis** - volgens vers 40. Hulle het **Jerusalem** in die jaar **70 nC** verwoes, en Israel verstrooi. Dit was ook hulle wat die eerste Christene op die gruwelikste en wreedste manier vervolg het. **Vandag getuig die katakombes onder Rome hoe die Christene gebrand het soos fakkels in Nero se tuine, en gelowiges tot vermaak van die Romeine in die arena deur leus verskeur is. Dit is die Rome wat vir ons geteken staan in Dan 2:40.**

Die Romeine het daarin geslaag om 'n wêreldryk op te bou wat byna dwarsdeur die ou wêreld 'n geweldige invloed uitgeoefen het. Europa word dus die middelpunt van die wêreld se mag en kultuur. Die man wat die eintlike grondslag van die Romeinse wêreldryk gelê het, was Octavianus (Augustus). Antonius gaan na Egipte en skaar hom by die **heerseres** van die Ptolemeërs, nl. **Cleopatra**. So verkry hy die oorheersende gesag in die Ooste. Octavianus het die Weste behartig. **Die twee bene van Nebukadnésar se droom neem vorm aan**.

Die 10 tone [Dan 2] vandag die nuwe of herleefde Romeinse ryk.

Dit word vandag algemeen aanvaar dat die tien tone van die beeld wat Nebukadnésar gesien het, sowel as die tien horings van die vierde dier in Daniël se droomgesig (Dan 7) asook openb 13 en 17, **Tien Koninkryke** voorstel, wat uit die **vierde groot wêreldkoninkryk, die Romeinse ryk**, sal opstaan. [V.N. - Verenigde Nasies.] Gedeeltelik van **yster** = hard (**socialisme** “**SOSIALISEER**” = Onteining van private eiendom tot gemeenskaplike eiendom, of tot staatseiendom sonder enige vergoeding. Profeties is dit onvermydelik.) en gedeeltelik van **klei** = bros (**klei** = (**demos** = **Hebreeus** = **demokrasie**) die **swakste ryk in God se oë**. Uit die menslike oogpunt is Demokrasie die beste tipe van regering. [Die nuwe wêreldorde]

DEMOKRASIE:

Jes. 3:12 **Die drywers van my volk is kinders, en vroue heers oor hulle. o My volk, jou leiers is verleiers,**

Dan 11:36 En die koning sal doen net wat hy wil en homself verhef en hom groot hou bo enige god, en teen die God van die gode sal hy wonderbaarlike dinge spreek; en hy sal voorspoedig wees, totdat die grimmigheid ten einde is; want wat vas besluit is, sal uitgevoer word.

Dan 11:37 En op die gode van sy vaders sal hy nie ag slaan nie, en op die liefling van die vroue en op enige god sal hy geen ag gee nie; want hy sal homself bo alles groot hou.

Dan 11:38 Maar in plaas daarvan sal hy die god van die vestings vereer, (1) {= Wetenskap en Tegnologie} en die god wat sy vaders nie geken het nie, (Onbekende) (2) {= Voorspoed en Rykdom god} sal hy met goud en silwer en edelgesteente en kosbaarhede vereer.

Dan 11:39 So sal hy dan optree teen die versterkte vestings met behulp van ‘n vreemde god; (3) {= Globalisme ‘n Nuwe Wêreld Orde} diegene wat hy erken, **sal hy baie eer en hulle oor baie laat heers EN GROND AS BELONING UITDEEL**. (GROND ONTEINING SONDER VERGOEDING)

Elke Europese nasie weet dat Europa se toekomstige voorspoed en vrede van eenheid afhanklik is. Ekonomiese eenheid in Europa

is net die eerste stap tot 'n hegte, verenigde Europa. Politieke eenheid sal die volgende stap wees. 'n Verenigde Europa kan 'n ontsaglike mag vir wêreldvrede, ekonomiese stabiliteit en voo-rspoed wees—OF, indien verkeerd gelei, verkeerd bestuur of onbeheersd, 'n vreeswekkende mag ten kwade.

Die eerste stap na Europese eenheid het in 1950 gekom toe Robert Schuman, destyds die Franse minister van buitelandse sake, 'n voorstel, voorgelê het vir die samevoeging van die steenkool en staalbronne van Frankryk en Duitsland en ander Europese lande wat vir die voorstel te vinde sou wees. **Ses** lande [**Frankryk, Duitsland, Italië, België, Holland en Luxemburg**] het die voorstel aanvaar. In 1951 is die Europese Steenkool en Staalge-meenskap gestig . Hierdie stap het die weg gebaan vir die stigting van die Europese Atoomkraggemeenskap [Euratom] en die Euro -pese Ekonomiese Gemeenskap. [E.E.G.] Dieselfde ses nasies het op 25 Maart 1957 in **ROME** tot hierdie stap oorgegaan, en, wat se-dertdien bekend staan as die '**verdrag van Rome**', onderteken.

Die Bybel openbaar dat die strewe om Europese eenheid uiteindelik aanleiding sal gee tot '**n finale herlewing** van die **Romeinse ryk**, en die koms van die **Antichris**.

Openb 17:12 En die tien horings wat jy gesien het, is **tien ko-nings [of nasies of blokke nasies]** wat nog geen koningskap ontvang het nie, maar hulle ontvang mag soos konings **een uur lank ['n kort tydjie]** saam met die **dier [Antichris - in die laaste Romeinse herlewing]**.

Openb 17:13 Hulle het een gesindheid en sal hulle krag en mag oorgee aan die **dier [Antichris]**.

Openb 13:11 En uit die **aarde ['n bewys dat hy nie van God gestuur is nie]** het ek 'n **ander dier [valse profeet]** sien opkom, en hy het twee **horings [mag]** gehad net soos 'n lam en het gepraat soos '**n draak [Satan]**.

Openb 13:12 En hy [**valse profeet**] oefen al die mag van die **eerste dier [Antichris]** uit voor sy oë, en **hy** maak dat die aarde en die wat daarop woon, die **eerste dier [Antichris]** aanbid, waarvan die dodelike wond genees is.

Openb 13:13 **Hy [valse profeet]** doen ook groot tekens, sodat **hy** selfs vuur uit die hemel laat neerdaal op die aarde voor die oë van die mense.

God bepaal **vier wêreldryke** vir die mens. Vanaf die **kop van goud**, die **Babiloniese ryk**, leef ons nou in **die vierde en laaste ryk**. Let op dat die waarde van die metale swakker en ligter word van bo na onder: **Goud, Silber, Koper, Yster**, met voete en tone van **yster gemeng met klei**. **Die vierde ryk, uit God se oogpunt, is die swakste van die vier ryke**. Daarom moet Jesus die **vyfde ryk (die duisendjarige vrederyk)** kom stig die **klip** wat loskom en die vierde ryk tref aan die voete en verbrysel tot stof.



Die Vyfde Wêreldryk - Duisendjarige Vrederyk.

Dan 2:44 Maar in die dae van **dié** konings sal die God van die hemel 'n **koninkryk verwek** wat **in ewigheid nie vernietig sal word nie**, en die heerskappy daarvan sal aan geen ander volk oorgelaat word nie; dit sal al daardie koninkryke verbrysel en daar 'n einde aan maak, maar self sal dit vir ewig bestaan—

Hier sien ons duidelik dat die droomgesig nie eindig by die voete van daardie mensebeeld nie. In hierdie gesig het ons te doen met 'n openbaring waarvan Daniël duidelik aan die begin sowel as aan die end van sy uitleg verklaar, dit bekend maak wat **"hierna sal geskied."**

Dan 2:28 Maar daar is 'n God in die hemel wat geheime openbaar, en Hy het koning Nebukadnésar bekend gemaak wat aan die **einde van die dae** sal gebeur. U droom en die gesigte van u hoof op u bed was dit:

Laat ons nie siende blind en horende doof wees nie, maar ag gee op hierdie merkwaardige profesie. Dis 'n rooilig, 'n ernstige waarskuwing dat ons in die laaste dae lewe en dat die wederkoms van die Here Jesus Christus voor die deur is.

Ons het hier te doen met 'n gesig wat deurloop tot **"aan die einde van die dae"**, en dit beteken niks minder nie, **as die end van ons bedeling**. Ja, aan die end van ons bedeling gaan die Here 'n koninkryk tot stand bring deur daardie **"klip"** wat sal bestaan

"vir ewig."

Hierdie **'klip'** wat uiteindelik "**'n groot rots word wat die hele aarde beslaan**" is niks of niemand anders nie, as die **'steen'** van **Ps 118:22** wat die bouers verwerp; dis daardie **'rots'** wat al by Horeb in die woestyn die volk van die Here verkwik het. (**Ex 17:6**) In **Matt 21:44** doen Christus dan ook die merkwaardige verklaring dat "**elkeen op wie hy val, dié sal Hy vermorsel**"

Dit is dus duidelik dat ons in hierdie 'klip' met Christus te doen het.

Wanneer gaan Hy dit doen?

Dis duidelik dat Christus dit **nié** gedoen het by sy eerste koms nie. Hy het nie toe die **Romeinse ryk "fyngestamp"** soos kaf wat deur die wind in die somer van die dorsvloere weggeneem word nie.

Dan 2:35 Toe is **tegelykertyd** die **yster**, die **klei**, die **koper**, die **silwer** en die **goud** fyngestamp, en dit het soos kaf geword van die dorsvloere in die somer, wat die wind wegneem, sodat daar **geen spoor van gevind is nie**; maar die klip wat die beeld getref het, het 'n groot rots geword **wat die hele aarde gevul het.**

Vandag is hierdie profesie besig om voor ons oë in vervulling te tree.

Dan 2:44 verklaar duidelik: "in die dae van **dié** konings sal die **God van die hemel 'n koninkryk verwek** wat in **ewigheid nie vernietig sal word nie.**" Dit wys baie duidelik op die **wederkoms van Christus** en daardie **Vyfde Wêreldryk** wat Hy op die aarde kom oprig.

Laat ons by 'n paar punte stilstaan:

1. **Daardie vyfde ryk word op aarde opgerig. Dan 2:35** sê: "... maar die klip wat die beeld getref het, het 'n groot rots geword wat die hele aarde gevul het." Dit is dus duidelik dat hierdie klip 'n letterlike aardse koninkryk voorstel wat die

plek inneem van die koninkryke van die nasies; dat dit gesag sal voer oor die hele aarde; en dit in die nabye toekoms lê.

2. **Daardie koninkryk word nié deur menslike toedoen tot stand gebring nie. Dan 2:34** "U het gekyk totdat daar **sonder toedoen** van mensehande 'n klip losraak...."
3. **Die wêreldryke word nie geleidelik verander nie - word nie bekeer nie - maar word verwoes... Dan 2:34** "... en dit fyngestamp het." **Vers 35** ".... Toe is tegelykertyd die yster, die klei, die koper, die silwer en die goud fyngestamp, **Vers 44** " dit sal **al daardie koninkryke verbrysel** en daar **'n einde aan maak, ..**" Hier het ons definitief nie te doen met die opkoms van die Christendom wat **mettertyd** die wêreld sal verower, soos sommige glo nie. Die koms van hierdie klip is **nie 'n langsame proses nie**. Dis 'n skielike verskyning in die vorm van 'n oordeel. **Dan 2:35** " .. en **dit het soos kaf geword van die dorsvloere in die somer, wat die wind wegneem, sodat daar geen spoor van gevind is nie; ...**"
4. **Die vyfde wêreldryk sal "vir ewig bestaan" Dan 2:44** ...maar self sal dit **vir ewig bestaan**— " As dit sy bestemming op hierdie aarde bereik het, sal dit in ewigheid voortgesit word op die nuwe aarde, maar geen ander ryk sal dit ooit opvolg of vervang nie.
5. **"Die heerskappy daarvan sal aan geen ander volk oor gelaat word nie."** **Dan 2:44** " en die heerskappy daarvan sal aan geen ander volk oorgelaat word nie; ..."Christus self sal daarin op die troon van Dawid sit, as Koning van die konings en sy heiliges uit alle volke sal saam met Hom daarin regeer:

Jes 9:5 "Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee; en **die heerskappy is op sy skouer**, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevoers— "

Jes 9:6 "tot vermeerdering van die heerskappy en tot **vrede sonder einde, op die troon van Dawid** en oor sy koninkryk, om dit te bevestig en dit te versterk deur reg en deur geregtigheid, van nou af tot in ewigheid. Die ywer van die HERE van die leërskaare sal dit doen."

Luk 1:32 Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word; en **die Here God sal aan Hom die troon van sy vader Dawid gee,**

Luk 1:33 en **Hy sal koning wees oor die huis van Jakob tot in ewigheid, en aan sy koninkryk sal daar geen einde wees nie.**

Open 20:6 Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood (Die Hel) geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en **sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank.**

Die wederkoms van Jesus Christus is die goue sleutel wat die boek Daniël vir ons ontsluit. Daar sal **nooit** vrede op aarde wees totdat die **Vredevoers** terugkeer. Dan sal Sy wil geskied op die aarde net soos in die hemel. Die hele natuur wag op hierdie gelukkige uur van Sy Wederkoms!!

Rom 8:18 Want ek reken dat die lyding van die teenwoordige tyd nie opweeg teen die heerlikheid wat aan ons geopenbaar sal word nie.

Rom 8:19 Want die skepping wag met reikhalssende verlange op die openbaarmaking van die kinders van God.

Rom 8:20 Want die skepping is aan die nietigheid onderworpe nie gewillig nie, maar ter wille van hom wat dit onderwerp het


Rom 8:21 in die hoop dat ook die skepping self vrygemaak sal word van die slawerny van die verganklikheid tot die vryheid van die heerlikheid van die kinders van God.



Rom 8:22 Want ons weet dat die hele skepping tesame sug en tesame in barenaad is tot nou toe.

Opb 22:20

Hy wat dit getuig, sê: Ja, Ek kom gou. Amen, ja kom, Here Jesus!



Opb 18:2 En hy het met 'n groot stem kragtig uitgeroep en gesê: Geval, geval het die groot Babilon,

Opb 18:8 daarom sal haar plaes op een dag kom: dood en droefheid en honger; en met vuur sal sy verbrand word, want sterk is die Here God wat haar oordeel.

Opb 18:9 En die konings van die aarde wat met haar gehoereer en weelderig geleef het, sal oor haar ween en oor haar weeklaag wanneer hulle die rook van haar verbranding sien,

Jer 8:20 Die oes is verby, die somer is ten einde, en óns is nie verlos nie!

Jer 8:22 Is daar geen balsem in Gilead nie? Of is daar geen geneesheer nie? Want waarom het die genesing van die dogter van my volk nie tot stand gekom nie?

Maranáta!
Jesus kom spoedig terug!!



2Kron 7:14 en my volk, oor wie my Naam uitgeroep is, hulle veerootmoedig en bid en my aangesig soek en hulle bekeer van hul verkeerde weë, dan sal Ek uit die hemel hoor en hulle sonde vergewe en hulle land **genees**.



"Braak vir julle 'n braakland, want dit is tyd om die Here te soek, totdat Hy kom en geregtigheid oor julle laat reën!" — Hoséa 10:12

Open 3:20 Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My.

DIE DEUR KAN SLEGS VAN DIE BINNEKANT AF OOPGEMAAK WORD.



Jesus se uitnodiging !!!!!

1Joh 1:9 As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.

Tussen die **hemel** en die **hel** is daar ‘n **kloof**—die kloof van die **ewigheid**. Hierdie kloof is **onoorbrugbaar**. Tussen die hemel en die aarde is daar ook ‘n kloof—**die kloof van tyd**. Hierdie kloof is egter **oorbrugbaar** deur die **bloed van Jesus Christus**. U sal eendag self voor God moet staan en rekenskap gee van u lewe. U sal nie kan sê dat u nie geweet het nie.

Joh 12:48 Wie My verwerp en my woorde nie aanneem nie, het een wat hom oordeel: die **woord** wat Ek gespreek het, dit sal hom **oordeel** in die laaste dag.

Jes 1:18 Kom nou en laat ons die **saak uitmaak**, sê die **HERE**: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol.

Amos 4:12—**maak jou klaar om jou God te ontmoet,**

“MARANATA” DIE KONING KOM !!!

Saamgestel deur:

Past Willie Horne
Posbus 872
KLEINBRAK
6503

(044) 696-5891

Epos: konanja333@gmail.com
Webtuiste: www.ramshoring.co.za

Indien u enige berading, geestelike hulp of gebed benodig, kan u ons kontak by bogenoemde kontak besonderhede.

Die Here seën U !!!



As ons ontmoet en jy vergeet ons, het jy niks verloor nie, maar as jy **Jesus Christus** ontmoet het en jy vergeet **Hom**, het jy alles verloor.

